Pierneef Gemeente Die Boodskapper

04 Junie 2023

Kantoorure: Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00
Sel: 072 137 4407
Epos: kantoor@ngkpierneef.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845
Leraar: Ds Paullet Grobler (076 841 1568)
Gemeente-Sekretaris: Cecile Botha (072 137 4407)
Jeugwerker: Sandra Berger (061 930 6540)

Facebook: Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpierneef.co.za

Kalender

04 Junie Drie-eenheidsondag
9:00 Erediens en Kinderkerk
Prediker: Ds Paullet Grobler
Teks: 2 Kor 13 : 11-13
Kategese en Belydenisklas

Teebeurt: Wyk E

06 Junie – Stap by Botaniese tuin 08.30
07 Junie (9:00): Bybelstudie
(18:30): Bybelskool
10 Junie (18:00): Jeuguitreik

Lief en Leed

- Philip van der Westhuizen en sy gesin.
- Ronel Rademeyer wat moet gaan vir 'n skouer en knievervanging.
- Esme wat herstel na 'n voetoperasie.
- 'n Familielid van Esme het tragies gesterf. Dink asb aan hulle.
- Marius van Niekerk – kanker (familielid van Hennie Smit)
- Cathy du Plessis.

Indien jy van iemand weet wat voorbidding nodig het, laat weet gerus die Kerkkantoor of ds Paullet. Deel ook gerus ander lief en leed met ons!

Verjaarsdae

04/06		Pierre	Van Niekerk
05/06	Mev	Melanie	Burger
05/06	Mej	Chanel	Korff
05/06	Me	Renata	Lindeque
07/06	Mnr	Carlos	Simaó
08/06	Me	Karen	Landsberg
09/06	Mnr	Jannie	Goosen
09/06	Me	Annika	Schulze
09/06	Mev	Issie	Theunissen

Drie-Eenheidsondag

Drie-Eenheidsondag is ‘n unieke feesdag in die Kerkjaar waarop die groter verstaan van die werking en die bestaan van God gevier word. Na Advent, Kersfees, Lydenstyd, Paasfees, Hemelvaart en Pinkster waartydens ons telkens by die belangrike gebeurtenisse in ons heilsgeskiedenis stilgestaan het, word vandag gewy aan die misterie en die grootsheid van God wat ons aanbid. Op hierdie Sondag eer gelowiges regoor die wêreld die ewige DrieEnige God: die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die vieringe duur net ‘n enkele dag wat simbolies is van die eenheid van die Triniteit. Alhoewel die leerstelling van DrieEenheid eers in die vierde eeu offisieel (met die konsilie van Nicea) geformuleer sou word, en die woorde “Drie-Eenheid” nie in die Bybel voorkom nie, sien ons in ‘n teks soos vandag hoedat God as Drie-Eenheid aan ons openbaar word. Die Drie-Eenheid word hier aan ons duidelik gemaak as ‘n God-inverhouding wat ook ons uitnooi om in verhouding met Hom te staan: ons lees van die Vader wat in liefde die Seun na ons toe stuur, van die Seun wat aarde toe kom, en van die Gees wat wedergeboorte en nuwe lewe in ons bewerkstelling. Dit is noemenswaardig dat liefde aan die hart van die misterie van die Drie-eenheid staan. Dit is liefde wat in die Drie-Eenheid leef en ons word in liefde ook uitgenooi om in verhouding met God te staan. Die misterie van God waarmee ons in Johannes 3 kennis maak, is ook die misterie van God Drie-Enig wat in Sy grootsheid en almag kies om ons te ontmoet, om ons na ‘n verhouding met Hom uit te nooi en om ons deel te maak van die beweging van liefde.

Dorkas se Kombuis

DANKIE DANKIE DANKIE vir elke inbetaling wat hierdie afgelope maand ontvang is. Verlede Sondag het ek genoem ons fondse is op, klaar, kapoet en ons voorraad onder druk. My versoek was asb suiker en rooibostee. Op dieselfde Sondag ontvang Dorkas se rekening 'n donasie, genoeg vir koffie, suiker en rooibostee. Sommer koekies ook ☺
Ons het 'n skenking suurlemoene ontvang daar uit Thabazimbi sê wêreld. RHS het 'n skenking aartappels ontvang. MOOT SORGSENTRUM het ons van 'n skenking tamaties voorsien. SPAR RIETFONTEIN het 17kg suiker aan ons geskenk. RHS was in 'n posisie om fondse beskikbaar te stel vir 40 blikkies pilchards. ONS BEKER LOOP OOR!

DIE SERPE VIR DIE KARWAGTE.
Wat 'n ongelooflike opkoms! Foto's van serpe en kleure, raad oor lengtes en breedtes is orals op die groepe gestuur. Mag elke karwag met meer as net 'n serp geseën word.

DAN ASB VRA ONS VIR KONFYT, 900G BLIKKE ASB.

Mag die Here ons seën en beskerm waar ons ookal heen mag gaan. Amen

Die pakkies wat Woensdag uitgedeel is het 2,5 kg mieliemeel,
1x pilchards,
1x baked beans, 1x bully beef, 1 liter aanmaakkoeldrank, 1 x soppoeier , suurlemoene, aartappels en tamaties EN 'N HOUERTJIE ZAMBUK ☺bevat. 'n Geseënde pakkie!

Bankbesonderhede: M Janeke
Capitec Bank, Spaarrekening
nr. 1651207613

Bosveld Mix Braaihout

NG VILLIERIA verkoop hout - R30 vir 'n 10kg sak.
Meer as 10 sakke @ R25 per sak.
Kry by hulle kerkkantoor weeksdae van 08.30 tot 12.30.
Na 12.30 en naweke kontak Simon 063 596 1076. ***Verkope is ten bate van CMR***

Gemeentekamp (13-15 Oktober)

Ons kamp weer by Riverside Paradise. Daar is ook selfsorg kamers en chalets vir die wat nie kampers is nie. Ons sal weer ‘n kampgroep hê maar laat weet my (Fanus) solank by 0659634950 as julle wil saamgaan!

Advertensie:

Hope is ‘n betroubare tuinwerker op soek na werk. Kontak asb vir Esme – 082 297 0654 vir verdere inligting.

Hier is die kontakbesonderhede van die persone wat jou kan help met jou vrae, of om deel te word by ons Gemeente-aktiwiteite/belangegroepe.

Pierneef-Groen: ***Groentetuin:*** *ds Paullet (076 841 1568) of Thea (082 561 8245)*
Herwinning: *Cecile: 072 137 4407*
Omgeegroepe**: *Bybelstudie*** *(Woensdae om 9:30 in die konsistorie)*
Bybelskool *(Woensdae om 18:30 in die konsistorie)*
Kleingroep *(Donderdae om 18:30)- ds Paullet (076 841 1568)*
Huis/Hospitaalbesoek: *ds Paullet (076 841 1568)*
Belangegroep: ***Martmarias :*** *Natie (083 527 9613)*
Boekeleen: *ds Paullet (076 841 1568)*
Pierneef-Stappers: *ds Paullet (076 841 1568)*
Vrouediens: *Sandra (061 930 6540) Stoffie 084 598 6829) of Esmé (082 297 0654)*
Erediensbediening: ***Musiekbediening:*** *Angelique (074 766 7049)*
Blomme en Liturgiese ruimte: *Yvonne (084 433 3921),*
Multimedia: *Paul (084 632 4364)*
Jeugbediening: *Sandra (061 930 6540),*
Barmhartigheid en Sending: ***Louis Botha Kinderhuis:*** *Sandra (061 930 6540)*
Dorkas se Kombuis: *Marlie (082 331 0591),* ***Motorwagte-uitreik:*** *Calla (082 455 2976)*

Op Saterdag 10 Junie 2023 van 10:00 tot 12:00 wil ons almal, groot en klein, uitnooi om te leer om cupcakes te versier. Sondagoggend na kerk by die tee wil ons dit verkoop @ R15 elk om te kan bydra tot kinders met kanker. MAAR om voorbereidings te tref moet almal wie belangstel om deel te neem aan die pret aktiwiteit, julle name vir my deurgee op die laaste 6 Junie asb. **Annemarie Joubert**